**Reaksie op die Here se seën**

**Num 7:1-11, 12-17 OAV, 89**

**16 Mei 2021**

1. Num 1-6: Sensusopnames, kamporde, reinigingsvoorskrifte, die Here se seën
2. Chronologie (2de jaar na uittog uit Egipte):
    a. 1ste dag, 1ste maand: Inwyding van tabernakel (Eks 40:1-2), begin van offergawes (Num7:1)
    b. 14de dag, 1ste maand: Paasfees (Num 9:1-3)
    c. 1 ste dag, 2de maand: Begin van sensusopnames (Num 1:1)
    d. 20ste dag, 2de maand: Vertrek vanaf Sinai (Num 10:11)
    e. Doel is om volk voor te berei vir die trek: bemoediging, reiniging en seën (Num 1-6)
    f. Num 7: begin van reaksie van die volk
3. Tentwaens en osse (Num 7:1-9)
    a. 12 leiers bring vrywillig 6 tentwaens en 12 osse
    b. Die Here verdeel die offers:
        i. 2 waens, 4 osse – Gerson – seile/gordyne (Num 3:25-26)
        ii. 4 waens, 8 osse – Merari – rame, dwarslatte, gereedskap (Num 3:36-37)
        iii. Geen waens, osse – Kehat – dra die meublement (Num 3:31, vgl 2Sam 6)
    c. Leiers identifiseer behoefte, en voorsien aan behoefte
4. Offergawes vir wyding van die altaar (Num 7:10-88)
    a. Elke leier bring: silwer skottel met meel/olie, silwer kom met meel/olie, goue pannetjie met wierook, brandoffer, sondeoffer en maaltydoffer
    b. Graanoffer – dankbaarheid, brandoffer – toewyding aan God, sondeoffer – sondebelydenis, maaltydoffer – gemeenskapsmaal
    c. Net 1 stamleier mag sy offers per dag bring – dus 12 dae fees (vers 11)
    d. Vers 12-83: 12 herhalings van soortgelyke detail vir elke stam, vers 84-88: opsomming
        i. Groot fees vir die volk – hulle verlustig hulle in die Here
        ii. Groot fees vir die Here – Hy verlustig Hom in die volk (Ps 149:4)
5. Die Here praat met Moses (Num 7:89)
    a. Telkens wat Moses met die Here praat, praat die Here met Moses – vanaf die versoendeksel tussen die gerubs
6. Toepassings
    a. Is jy bewus van die volgende stap in God se plan? Is jy bewus van behoeftes, soos die leiers? Spreek jy hulle aan? (2 Kor 8:1-5)
    b. Maak jy ruim tyd vir aanbidding van God? Is jy steeds opgewonde oor die seën van die Here? Hoe behou jy jou opgewondenheid?
    c. Begryp jy dat die Here Hom in jou offers verlustig? (Heb 6:10, Mal 3:17) Die Here bou ‘n lewende verhouding: Hy seën, Hy antwoord as ons vra. Ons behoort in opgewondenheid onsself te offer, en leiding van Hom te vra.